*Sondag* **3 Augustus**

**Skrifgedeelte: Job 40:1-19**
**Fokusgedeelte: Job 40:10, 14a (AFR2020)**

**Die onoortreflike krag van die HERE**

Die HERE het Job op ’n toer geneem deur die verskeidenheid van die diereryk (Job 39). Op hierdie toer het Job tot die besef gekom van die HERE se tere sorg en sy wysheid. Aan die einde van die toer het daar ’n kentering ingetree by Job en hom genoop om te sê: *“Kyk, ek is te onbelangrik – wat sou ek U antwoord? My hand lê ek op my mond”* (Job 39:37 AFR2020).

Job het inderdaad al begin nederig word, maar die HERE wil hom by totale oorgawe bring deur nog kennis van Homself aan Job mee te deel. Die HERE het nog twee diere waarmee Hy sy onoortreflike krag aan Job openbaar. Die twee diere is die behemoot (’n seekoei) en die leviatan (’n krokodil).

Die HERE noem die behemoot die voortreflikste van sy werke. God het die behemoot sowel as die mens gemaak. Nog niemand kon ’n seekoei tem nie, maar die seekoei is onder die beheer van die HERE. En wanneer die Jordaan in vloed afkom, bly die seekoei rustig.

Daar is magte en kragte in die skepping waarteen ons mense niks kan uitrig nie. Maar dit is vir die HERE geen verskrikking nie, want Hy is onoortreflik in krag. Midde-in die gewoel van hierdie wêreld wat ons maklik oorweldig, bly die Here rustig en beskerm Hy sy kinders. Dit is in Jesus Christus waar ons die onoortreflike krag van God duidelik sien. Deur te sterf aan die kruis, oorwin Christus die sonde en die duiwel. Die Heilige Gees wek sondaars op in die nuwe lewe met die krag van God – dit is met die evangelie. En op die dag wat God bepaal het, sal Christus al die bose magte wat teen Hom en sy kerk opgestaan het met die asem van sy mond verdelg.

*Sing: Psalm 123-1:1, 2*

*Ds. CCA (Coen) Vrey (Bellville)*